

In dié uitgawe In this issue

TO-rubriek: p 2



*Phosphate control
at Vlakplaats —
feature article
on p 14*

**POLLUTION
CONTROL:**
The treatment
of tannery
and fellmongery
wastes in
South Africa
(by Shuttleworth &
Cooper) — p 17

SPECIAL SECTION ON EQUIPMENT



—page 20

Eutrofikasie bestudeer:

Navorsing oor damme wyse besluit — De Wit


“Hierdie is ’n puik voorbeeld van vrugbare samewerking tussen administrateurs van waternavorsing en navorsers van verskeie organisasies,” het mnr JP de Wit, vise-president van die WNNR, onlangs gesê toe hy twee finale verslae oor waternavorsing amptelik aan die voorsitter van die Waternavorsingskommissie, dr MR Henzen, oorhandig het.

Die verslae is die finale produk van ’n kontrak oor eutrofikasie wat in 1973 tussen die WNNR en die Kommissie aangegaan is, en meer as ’n halfmiljoen rand se navorsing word daardeur verteenwoordig (kyk ook TO-rubriek op bl 2 van hierdie uitgawe).

Mnr De Wit het gesê dat dit vandag duidelik is dat dit ’n wyse besluit was om navorsing oor eutrofikasie te inisier op ’n stadium toe daar min oor die toestande in ons damme en die oorsake en uitwerking van eutrofikasie bekend was. Daar is byvoorbeeld indertyd baie aandag daaraan bestee om aan te toon dat voedingstowwe in die uitvloei van riool-suiweringswerke algroei stimuleer — ’n feit wat nou so algemeen aanvaar word dat dit nie nadruk verg nie.

Hy het bygevoeg dat verskeie instansies en organisasies buite die WNNR se Nasionale Instituut vir Waternavorsing (NIWN) en sy Natalse streeklaboratorium bygedra het tot die omvattende eerste werk wat onder die titel *The limnology of some selected South African impoundments* gepubliseer is. Dié verslag bevat inligting oor die voedingstofladings, algroei en die

(Na bl 7)



Algopbloei in Hartbeespoortdam — die verskynsel is grondig bestudeer en verslae daarvoor gepubliseer.

(Foto: WNNR)

TEGNOLOGIE- OORDRAG

In hierdie rubriek sal gereelde aankondigings verskyn van publikasies, simposia of ander gebeurlikhede met 'n praktiese inslag wat kan help om die gaping tussen navorsing en toepassing te oorbrug.



TECHNOLOGY TRANSFER

In this column regular announcements will be published of publications, symposia and other events of practical import which could contribute towards closing the gap between research and application.

Swartvlei:

Planning for the future

A report entitled *The ecology of Swartvlei: research for planning and future management* by C Howard-Williams and BR Allanson was published during the course of 1980. The report is based on research carried out by the Institute for Freshwater Studies, Rhodes University, on behalf of the Water Research Commission.

Swartvlei is one of the five major water bodies in the Wilderness Lakes region, and provided an ideal site for a quantitative study of the role played by aquatic plants in maintaining trophic conditions in shallow waters. At the same time the Wilderness Lakes region is one of South Africa's prime recreational areas and there is increasing pressure to maintain the area in an unspoiled state. The research findings, therefore, not only focus on the effect that aquatic plants have on water quality generally, but also provide guidelines for the management of Swartvlei specifically. These guidelines, as consolidated in the report, have been accepted by the Lake Management Committee for the Knysna/Wilderness/Plettenberg Bay area of the Department of Water Affairs, Forestry and Environmental Conservation.

Copies of the report are available from the Chairman, Water Research Commission, PO Box 824, Pretoria 0001.



Swartvlei, one of the Wilderness Lakes. Proper management of these lakes is essential for maintaining the area in an unspoiled state.

(Photograph: Cape Department of Nature Conservation)

Waterverliese:

RIGLYNE VIR BEHEER

Waterverliese uit pypnetwerke kan 'n aansienlike persentasie van die totale watervoorsiening beloop: In 'n opname van vyf Suid-Afrikaanse munisipaliteite, het geblyk dat die gemiddelde jaarlikse verlies by een munisipaliteit vir vier agtereenvolgende jare meer as 20% was. Voordele verbonde aan die vermindering van sodanige verliese is klaarblyklik.

Navorsing oor die onderwerp is namens die Waternavorsingskommissie deur die Universiteit van Pretoria se Afdeling Waterbenuttingsingenieurswese en Omgewingswetenskappe uitgevoer. Op grond van die werk is riglyne vir die beheer van waterverliese uit pypnetwerke opgestel met die titel *A guide to the control of water losses in pipe networks*. Die outeurs

is FA van Duuren, W Koschade en HC Chapman.

Van die aspekte wat deur die verslag gedek word, is die volgende:

- Watermeters: akkuraatheid, waarskynlike leeftyd en aanwending in die bepaling van waterverliese
- Pypmateriale en konstruksiemetodes
- Metodes van lekkasie-opsporing en die instelling en voordele van 'n opsporingsprogram
- Die ekonomiese implikasies van pypnetwerkverliese

Eksemplare van die verslag is verkrygbaar by: Die Voorsitter, Waternavorsingskommissie, Posbus 824, Pretoria, 0001.

Hydrology:



REPORT ON DATA

It is characteristic of hydrological research that large amounts of data must be collected, stored and retrieved for analysis. Consequently, the initial phase of a hydrological research programme is taken up with the development of a computerized data management system that is necessarily complex. The data management system includes the extraction of information from instrument charts by means of digitization as well as the subsequent quality control, coding, storage, retrieval and routine analysis.

Experience and expertise in hydrological data control has been built up at several South African universities that are undertaking hydrological research projects financed by the Water Research Commission. Much of this experience has been incorporated in a report entitled *Digitizing and routine analyses of hydrological data* by Dr RE Schulze of the Department of Agricultural Engineering at the University of Natal (Pietermaritzburg).

This report includes information such as, in the case of rainfall, mean and extreme amounts and intensities over periods ranging from less than 5 minutes to days, time distribution of rainfall during storms and rainfall kinetic energy, or, in the case of runoff, volumes of flow over varying time periods, peak rates of discharge, the separation of baseflow from stormflow and other hydrograph characteristics.

The publication sets out procedures for chart reduction by describing the procedures to be followed and then providing the flow charts and listings of the computer programs. The information on the charts is stored in such a way that data can be retrieved at any convenient time resolution ranging from one minute to one year. Reference to this report will save considerable time for hydrologists who wish to undertake new research programmes.



Eutrofikasie bestudeer

'n Verslag getiteld *Guidelines for the Control of eutrophication in South Africa*, deur RD Walmsley en M Butty, het pas verskyn. Die verslag is gegrond op navorsing wat die Nasionale Instituut vir Waternavorsing onder kontrak met die Waternavorsingskommissie uitgevoer het.

In die verslag word die oorsake, manifestasies en effekte van eutrofikasie ter inleiding bespreek, gevolg deur 'n uiteensetting van die verskillende parameters wat gebruik word om eutrofikasie te meet en die maatstawwe om trofiese toestande te bepaal.

Op grond van die navorsingsresultate is 'n eutrofikasiemodel ontwikkel wat die verhouding tussen die hoeveelheid alggroei in 'n dam en die fosfaatbelading en deursigtigheid van die water beskryf. Die model kan gebruik word om die oorlastoestande in 'n dam in verhouding te plaas tot die gebruik van die dam en die voedingsbelading.

'n Oorsig word ook gegee van strategieë wat aangewend kan word om eutrofikasie te beheer.

In die navorsing wat gedoen is om die eutrofikasiemodel te ontwikkel, is 'n deeglike limnologiese studie van 21 Suid-Afrikaanse damme gemaak. Die inligting wat so ingewin is, is saamgevat in 'n publikasie *Limnology of some selected South African impoundments*, wat 'n waardevolle rekord daarstel om toekomstige ontwikkelings in die damme teen te meet. Die verhouding tussen die hidrologiese, chemiese, fisiese en biologiese eienskappe van elke dam, sy toevloeiende water en die ontwikkeling binne die opvanggebied word kortliks bespreek. Dit blyk uit die globale opname dat Suid-Afrikaanse damme dikwels troebel is en dat die meeste limnologiese eienskappe aansienlik varieer as gevolg van groot jaarlikse verskille in watertoevloei. Wanneer fosfaat die beperkende voedingstof is hou die trofiese stand verband met die ortofosfaatbelading. Verder is gevind dat troebelheid 'n belangrike rol speel om die invloed van voedingstofbelading op die trofiese stand van 'n dam te bepaal.

Eksemplare van beide verslae kan aangevra word by: Die Voorsitter, Waternavorsingskommissie, Posbus 824, Pretoria, 0001 of Die Direkteur, Nasionale Instituut vir Waternavorsing, Posbus 395, Pretoria, 0001.



Copies of the report are available from the Chairman, Water Research Commission, PO Box 824, Pretoria 0001.

FLOOD PRODUCING RAINFALL

Design engineers and planners require information on flood producing rainfalls throughout Southern Africa and much work has been done in the past to provide information on the recurrence intervals of high intensity storms of different magnitudes. These high intensity storms are usually of relatively short duration and are often associated with localized thunderstorms.

Recent literature on short duration design rainfall in Southern Africa is available but there has been a paucity of information on situations where major floods have developed from long soaking rains that have fallen over a wide area on catchments that have recently received rain and are already wet.

It was this paucity of much needed information on medium to long duration rainfall which prompted Dr RE Schulze of the Department of Agricultural Engineering at the University of Natal (Pietermaritzburg) to initiate a survey of potential flood producing rainfall in Natal based on available daily rainfall records. With further financial support from the Water Research Commission, Dr Schulze extended this survey to the entire Republic of South Africa, including the now independent states, and produced a report entitled *Potential flood producing rainfall of medium and long duration in Southern Africa*.

Important

The report contains the results of an analysis of approximately 400 stations and presents the probabilities of occurrence of two and three consecutive days each with at least 25 mm rainfall and also the magnitudes of extreme one-, two- and seven-day rainfalls for return periods of 2, 10, 25 and 50 years. Further included in the survey is an examination of the probability of occurrence of extreme rainfalls in different seasons; how frequently longer duration extreme rainfall amounts exceed those of the one-day value by at least 50 per cent and to what degree two- and seven-day extreme rains occur in association with the one-day extreme event.




FIG. 1: Annual probabilities of occurrence (per cent) of two consecutive days each with ≥ 25 mm rainfall

The report can be regarded as a most important contribution to the available information on flood producing rainfalls and will provide the design engineers with at least a first approximation of medium and long duration flood producing rainfall in Southern Africa.

Copies of the report are available from: The Chairman, Water Research Commission, PO Box 824 Pretoria 0001.

This figure depicts annual probabilities of occurrence (%) of two consecutive days each with rainfall equaling or more than 25 mm.



Verhandelinge beskikbaar:

VOEDINGSTOFVERWYDERING

Die verhandelinge van 'n seminar wat in Mei 1979 in Pretoria gehou is oor die verwydering van voedingstowwe uit munisipale uitvloeiels kan aangevra word by die Voorsitter, Waternavorsingskommissie, Posbus 824, Pretoria, 0001.

Die seminar is gesamentlik gereël deur die Waternavorsingskommissie en die Instituut vir die Bestryding van Waterbesoedeling (tak Suidelike Afrika), in samewerking met die Suid-Afrikaanse Instituut vir Siviele Ingenieurs en die Instituut van Munisipale Ingenieurs van Suider-Afrika. Aspekte wat deur die


seminaar gedek is, is die volgende:

- Die noodsaaklikheid van voedingstofstandaarde in sensitiewe opvanggebiede in Suid-Afrika
- 'n Oorsig van tegnologie vir die verwydering van voedingstowwe
- Die huidige stand van navorsing oor fosfaatverwydering
- Ondervinding in ontwerp en bedryf van geaktiveerde-slykaanlêe in Johannesburg vir voedingstofverwydering
- Koste- en energie-oorewegings

'n Uitsig oor 'n deel van die geaktiveerdeslykaanleg vir die verwydering van voedingstowwe by Johannesburg se Noordelike Rioolwerke. Die verhandelinge van 'n seminaar oor die verwydering van voedingstowwe uit munisipale uitloeiels is nou beskikbaar.

- Nasionale navorsingsbehoefte oor die tegnologie van voedingstofverwydering

Die volledige besprekings tydens die seminaar is by die verhandelinge ingesluit.



A PLEA FOR AQUACULTURE

JOHN B. KRAUSE

"Jedwater", P.O. Box 17140,
Bainsvlei, 9338

Water enjoys a position of considerable Government attention in this country, not the least being its supply to that sector of the economy concerned with the production of foodstuffs. Ensuring its adequacy and continuity to this most vital sector of the economy, will require all the engineering and financial expertise that Government can muster in the years to come. Judging from the emphasis being placed upon the need to use and re-use water efficiently in the urban and industrial fields, it is unfortunate that the technology for implementing its wider spectrum of usage in the sphere of food production, namely aquaculture, remains limited to academic and research institutions. This lack of technology transfer to the farmers of this country, bodes ill for any serious consideration being given to the continuous cry for greater efficiency of water usage in the agricultural field.

South Africa, true to its definition of a semi-arid country, faces numerous pressures upon its limited water supplies. Ironically, however, it has turned to an enormous input of money and effort in the storage, translocation and anti-pollution

measures without sustaining any significant effort in the encouragement of a multi-dimensional role of water in food production. The absence of this effort will continue to seriously undermine any rational attempt at escaping the impasse existing between the suppliers of expensive waters and users vital to the provision of an adequate nutritional base for an urbanized society.

Setting aside for a moment our financial ability to import practically anything we desire, this country is rapidly approaching a total inability of meeting its annual animal protein requirements from its extensive grazing areas. A new technology has entered into the animal production field. The intensification of ani-

mal production practices whilst still limited to carcass improvement in feedlots, will of necessity lead to intensification of animal breeding. In turn, large volumes of expensive water will be required for the production of adequate quantities of high quality livestock feed, our traditional fodder crops. Contrasting this single aspect of the agricultural use of water with the very high level of effort being put into general water technology in the urban and industrial spheres, suggests an imbalance in our thinking in matters relating to efficient water usage.

Our national effort in exploiting the mineral wealth of this country is probably second to none in relation to other advanced mining nations of the world. This national effort, enormously assisted by Governmental sympathy for the exploitation of non-renewable natural resources, contrasts vividly with our inability to recognize and to exploit the enormous food producing capabilities of our limited yet renewable resource, water.

Akin to the fact that money must be used in order to create wealth, water must also be continuously used in order to produce food, to create wealth. By and large this country has every reason to be proud of the foresight characterized by our impoundment schemes. In

(To page 6)



This article merits inclusion under the Technology Transfer banner for, in fact, pointing out a lack of technology transfer in the field of aquaculture. Some of the arguments put forward may be considered contentious and SA Waterbulletin will welcome any reader responses for publication.



Aquaculture

(from page 5)

the same breath, however, catchment, impoundment and translocation do not create wealth. They are, however, vital cornerstones to the entrepreneur using these facilities for the creation of wealth. Should he of necessity use water from such facilities in a once-used-gone-forever manner, such as for irrigation, his return on his capital will of necessity be limited. Furthermore, the total return on capital invested in such facilities will be minimal and will continue to be limited by the technical expertise of the entrepreneur. Arguments against this view are loud and clear that irrigation sophistication is at a very high level in this country. This is quite true, but would tend to overlook the fact that once used for irrigation, no matter how sophisticated, no matter what crop is produced, water is lost forever. Money is placed in circulation, is used again and again, capital is formed, employment opportunities are created, wealth is formed. In much the same manner, water can produce food, can be used again and again, and when no longer fit as a habitat for higher aquatic organisms, can be dissipated into the root zones of irrigation crops.

Ignores

In the author's view, water is seen as a renewable resource with food production being encouraged in a chain of events stretching from catchment and storage to its final task and point of no return, irrigation. The current situation is to place great emphasis on its catchment, storage and translocation with production only being encouraged on the basis of once-used-gone-forever. This policy completely ignores any intermediary steps during which water can be most efficiently used for food production without its character or volume being significantly altered beyond that currently encountered in irrigation.

In fact it limits water to a synergistic role only, whereas water in itself is exploitable in economic terms. The engineer recognizes in water a renewable energy resource, and aided by the force of gravity uses the liquid mass for the generation of electricity. The farmer, however, limited by an almost total lack of technology transfer, is forced to use water for irrigation purposes only. This national inability to recognize water as a living matrix exploitable for food production purposes, other than only by means of irrigation, has greatly abetted, and in the future will continue to abet, the need for more and more water storage and translocation facilities without, in turn, deriving a viable solution for our increasing protein needs, or the low monetary value the irrigation farmer is forced to place on water.

Aquaculture has many roles to play in the water scene of this country. Among these, aquaculture will relieve to some extent the pressures upon our extensive grazing areas for adequate protein of animal origin. It may well relieve the need of the irrigation farmer to practice cash crop husbandry allowing him to return to the production of traditional fodder crops. It is, indeed, a very practical method of re-introducing production from those areas of irrigation land lost to production due to the development of salinity, and which still enjoy water reticulation facilities. The translocation of water

across long distances by canal or pipeline in order to bring water to soils suitable for irrigation, is not a pre-requisite for aquaculture. Aquaculture can be practiced in close proximity to large water impoundments.

Without doubt, aquaculture will play a most significant role in ensuring far greater co-operation in anti-pollutional measures. The production of aquatic organisms in industrially polluted waters may well be possible in the case of certain pollutants, but in general will not find much favour among practising aquaculturists. The deliberate enrichment of ponds with animal wastes, would occur only in waters intended for irrigation.

Limited

In summary, it is suggested that aquaculture technology is still largely limited to academic and research institutions. With the paths of communication currently available, there is little chance of this technology finding its way to the irrigation community, and even less so, being brought to fruition at our irrigation settlements. In the absence of this, the financing and development of schemes for the further storage and translocation of water in order to ensure greater continuity to the irrigation farmer, will be all that much more difficult to accomplish.

Visitor from U.K.



Mr JL van der Post, chief executive of the Water Research Centre in the UK, recently visited various water research facilities in the RSA. He is pictured here (left) in conversation with the chairman of the WRC, Dr MR Henzen.

Damverslae oorhandig (vanaf bl 1)

algemene limnologiese stand van 21 Suid-Afrikaanse damme in Transvaal, Natal en die Oos-Kaap.

Die tweede publikasie, naamlik *Guidelines for the control of eutrophication in South Africa*, is gebaseer op gegewens wat in die eerste verslag vervat is. Die kern van hierdie tweede verslag is 'n aantal vergelykings wat ontwikkel is vir die voorspelling van algkonsentrasies as chlorofiel-*a* in damme op grond van die ortofosfaat-fosforkonsentrasie.

Die vergelykings is ook aangepas om voorsiening daarvoor te maak dat die uitwerking van slik, troebelheid, en die tweede, belangrike algvoedingstof naamlik gebonde stikstof, voorspel kan word. Met behulp van hierdie vergelykings behoort dit vir beplanners en besluitnemers moontlik te wees om vooruitskattings van die waarskynlike trofiese peil van beplande damme te maak of om te bepaal wat die maksimum ortofosfaatlading is wat in terme van die gevolglike alggroei verdra kan word.

Mnr De Wit het gesê dat hierdie riglyne dus waardevol behoort te wees vir diegene wat sodanige bestuursbesluite moet neem.

"Daar bly egter nog 'n paar aspekte van eutrofikasie oor waaroor ons kennis gebrekkig is, veral ten opsigte van damme wat eutrofies is as gevolg van oormatige maar onbeheerbare voedingstofladings. Ons sal moet leer om met sulke toestande saam te leef deur die ontwikkeling en toepassing van bestuurstegnieke wat aan die een kant onwenslike eienskappe soos oormatige blou-groen alge bekamp en aan die ander kant voordelige eienskappe soos verhoogde visproduksie benut," het hy gesê.

Begrip

Hy het bygevoeg dat sodanige bestuur begrip van die ekosisteemprosesse verg. Met hierdie besef voor oë het die NIWN 'n intensiewe studie van die voedingstofsiklusse in die mees eutrofiese dam, naamlik Hartbeespoortdam, aangepak.

"As navorsingsprogramme reg gekies en behoorlik uitgevoer word, behoort die finale verslae wat daaruit voortspruit mylpale te wees wat die uitbreiding van ons kennis aandui.


Maar die verslae behoort ook bruikbaar te wees vir en gebruik te word deur diegene wat die kennis by hulle bestuursverpligtinge benodig," het mnr De Wit gesê. "Ek vertrou dat hierdie verslae in hierdie kader val."

In 'n kort repliek het die voorsitter van die Waternavorsingskommissie, dr MR Henzen, sy waardering teenoor die medewerkende instansies uitgespreek en die noodsaaklikheid van vroeë beplanning benadruk. Hy het ook gesê dat die verslae die grondslag vorm vir verdere navorsing wat voorgestel is asook vir navorsing waarmee die Direkoraat van Waterwese reeds begin het.

Die amptelike oorhandiging van die verslae het geskied na 'n inligtingssessie wat gehou is om waternavorsingsbehoeftes van die Direkoraat van Waterwese aan die lede van die WNK bekend te stel. Dit het ook saamgeval met die 34ste vergadering



Mnr JP de Wit (links), vise-president van die WNNR, en dr MR Henzen, voorsitter van die WNK, deel 'n grappie na die oorhandiging van die



Damverslae oorhandig

(vanaf bl 7)

van die Kommissie wat by die Hidrologiese Navorsingsinstituut (HNI) van die Departement van Waterwese, Bosbou en Omgewingsbewaring gehou en deur die Minister van die Departement, dr CV van der Merwe, bygewoon is.

Die Bestuurder: Wetenskaplike Dienste van die Direktoraat van Waterwese, mnr WJR Alexander, het die inligtingssessie ingelei met 'n oorsig van nasionale waternavorsingsbehoefes.

Met verwysing na Figuur 1 (die beraamde waterbehoefes tot ongeveer die jaar 2030) het mnr Alexander daarop gewys dat die totale wateraanvraag tussen 2010 en 2020 aan die beskikbare, ekonomies eksploteerbare afloop gelyk sal wees.

"Maatreëls kan aangewend word om die groeitempo van die aanvraag te vertraag - 'n drastiese voorbeeld sou wees om alle besproeiing te beheer," het mnr Alexander gesê. "Selfs dan sal die stedelike en nywerheidsaanvraag aanwas tot op die punt waar die beskikbare water nie voldoende sal wees nie. Op dié wyse sal die kwade dag dus bloot uitgestel word. Dit is in elk geval 'n administratiewe maatreël wat nie navorsing verg nie."

Hy het verder gesê dat die krisisdatum nie net deur die aanvraagkromme bepaal word nie, maar ook deur die beskikbaarheid van water, dit wil sê die totale afloop van alle riviere in Suid-Afrika.

Verlore

Daar word beraam dat ongeveer 60 persent van die totale afloop ekonomies benut kan word. Die rede waarom hierdie syfer nie 100 persent beloop nie is dat daar altyd water tydens vloede en as gevolg van verdamping verlore gaan. Dit is ook nie moontlik om elke enkele rivier in die land te beheer nie. Ook is daar 'n interessante wisselwerking tussen oorloopverliese en verdamping: as groter damme gebou word om oorloopverliese uit te skakel, vind groter verdamping uit die groter massa water plaas. 'n Punt bestaan dus waar 'n verhoging in damkapasiteit deur verhoogde verdampingsverliese

geneutraliseer word. Hierdie kan egter 'n belangrike gebied vir navorsing wees, aldus mnr Alexander.

Die aandag kan byvoorbeeld toegespits word om verdampingsverliese te probeer verminder. In hierdie verband het hy daarop gewys dat daar reeds in die sestigerjare in die Republiek en in die buiteland navorsing gedoen is. 'n Mengsel van chemikalieë is beproef deur dit op die oppervlakte van 'n dam te spuit en die dun lagie wat dit gevorm het, het effektief meegehelp om verdamping te bekamp. Omdat die lagie egter so dun was, was dit moeilik om te handhaaf en dus ondoeltreffend. 'n Verdere probleem was dat hierdie maatreël 'n verhoging in die watertemperatuur tot gevolg gehad het en dit het weer verhoogde verdamping in die hand gewerk. Die aanvanklike navorsing is dus gestaak.

"Nuwe navorsing sal dus daarop gemik moet wees om 'n stof te ontwikkel wat nie net verdamping inhibeer nie, maar ook straling wegkaats. Die probleem," het mnr Alexander



'n Uitgelese groep waterpersoonlikhede besigtig die algobloei in die Roodeplaatdam van nader. Van l. na r. verskyn: Dr N Stutterheim (voorsitter: Telefoonvervaardigers van SA); mnr JF Otto (direkteur-genl van die Departement van Waterwese, Bosbou en Omgewingsbewaring); dr CF Garbers (president van die WNNR); Sy edele dr CV van der Merwe (Minister van Waterwese); dr MR Henzen (voorsitter: WNK); dr WJ Hattingh (direkteur: HNI); en mnr EJ Hall (afgetrede stadsingenieur van Johannesburg).

gesê, "is dat dit nie wil voorkom asof so 'n stof voor die krisisdatum ontwikkel sal word nie."

Hierna het hy alternatiewe waterbronne en geassosieerde probleme oorsigtelik saamgevat.

Die eerste moontlikheid wat hy genoem het, is dat water van buite die landsgrense ingevoer kan word. Alhoewel daar vanuit 'n ingenieursoogpunt geen probleem hiermee sou wees nie en dit dus prakties uitvoerbaar sou wees om water vanaf die Zambesi- of die Congorivier, of uit die Okavangomoerasse na die Republiek te bring, val dit te betwyfel of die politieke probleme wat daarmee verband hou, voor die krisisdatum oorbrug sal kan word. "Hierdie aspek verg dus ook nie navorsing nie," het mnr Alexander gesê.

Na die suide lê die oseaan, en ontsouting van seewater is lank reeds bekend as 'n moontlike bron van water - die probleme is die hoë koste waarteen dit gedoen word en veral ook die hoë energievereistes.

Verder suid is daar die ysberge

Damverslae oorhandig

van Antarktika. Teoretiese studies in die buiteland dui daarop dat dit tegnologies uitvoerbaar is om ysberge op sleeptou te neem nietaanstaande die verlies aan water in die warmer streke van die oseaan. Die probleem sal egter opduik wanneer hierdie ys na water omgesit en op land gebring moet word: die koste sal waarskynlik 'n groter beperkende faktor as die tegnologie wees.

'n Verdere probleem met ontsouting en die smelting van ysberge is dat hierdie waterbronne uit die aard van die saak kusegebode is en dat verdere koste aangegaan sal moet word om dié water in die binneland te kan verskaf.

Met verwysing na navorsing oor die atmosfeer as 'n potensieële waterbron het mnr Alexander daarop gewys dat geen land tot dusver daarin kon slaag om die reënval dermate te verhoog (deur middel van byvoorbeeld weermodifikasie) dat daar 'n betekenisvolle toename in die afloop waarneembaar was nie. As gevolg hiervan is hy nie optimisties dat daar met wolkbestrooiing in Suid-Afrika geslaag sal word om die watervoorrade betekenisvol aan te vul nie.

"Daar is slegs een langtermynoplossing vir die probleme in verband met watervoorsiening in die binneland van die Republiek en dit is die hergebruik van water," het hy gesê. "As ons slegs vyftig persent van die beskikbare water kan hersirkuleer of hergebruik, kan ons die aanvraagkromme aansienlik laat afplat."

Mnr Alexander het ook gesê dat die produksiekoste van water uit konvensionele bronne met verloop van tyd gestadig styg: water moet al verder en verder gesoek word — vanuit die Tugelarivier, die Middel-Oranjeskema, ensovoorts. 'n Stadium sal uiteindelik bereik word waar dit duurder sal wees om water vanaf ander plekke na die sentrale nywerheidsgebied te bring as om uitvloei-

sels te behandel. Vir die huidige sal daar dan geen rede wees om water in te voer nie — totdat alle beskikbare uitvloeisel hergebruik word. Daarna moet ander bronne weer benut word. Die belangrike punt is egter dat as mens 50 persent van die water wat in die stelsel gebruik word, kan hergebruik, dit sal beteken dat mens slegs 50 eenhede water sal moet invoer vir elke 100 eenhede wat benodig word.

Hierdie prosedure sal kan fingeer tot op die punt waar die mens gedwing sal word om hom na die see te keer om water te ontsout — die enigste onuitputlike bron van water.

Nooit

"Daar sal dus nooit 'n situasie ontstaan waar ons nie voldoende watervoorrade het nie — met vandag se tegnologie kan ons enige hoeveelheid water van enige gegewe gehalte enige plek voorsien, mits die koste nie saak maak nie," het mnr Alexander gesê.

"Die navorsingsbehoefes ten opsigte van kwantiteit sal dus op die gebied van die hergebruik van water lê," het hy gesê. "Maar ook sal daar navorsingsbehoefes ten opsigte van die kwaliteit van water wees."

Mnr JR Vegter, hoof van die Afdeling Geohidrologie van die Departement van Waterwese, Bosbou en Omgewingsbewing, het vervolgens die navorsingsbehoefes ten opsigte van die ontwikkeling van grondwaterbronne geskets. As agtergrond het mnr Vegter daarop gewys dat ander lande baie groter gebruik maak van hul grondwater-

bronne as Suid-Afrika. Sò byvoorbeeld is Denemarke en Oostenryk ongeveer 99 persent van grondwaterbronne afhanklik vir die openbare watervoorsiening; in Israel is 80 persent van alle gebruik (direk of indirek) van grondwaterbronne afkomstig; in Nederland 65 persent; en die VSA 21 persent. Hierteenoor word slegs sowat 10 persent van die beraamde huidige verbruik van ongeveer 11-miljard (10^9) m³ p.j. in Suid-Afrika uit grondwaterbronne verkry.

Die rede hiervoor, het mnr Vegter gesê, moet gesoek word in die aard van die geologiese formasies waaruit die Republiek opgebou is. Ongeveer 80 persent van die land bestaan uit sekondêre waterdraers (dit wil sê waterdraers wat gevorm is as gevolg van verwerping en verbokkeling, in teenstelling met primêre waterdraers wat beslag gekry het toe die gesteentes gevorm is). Dié waterdraers vorm maar 'n dun, waterdraende sone wat naby die oppervlakte geleë is, gewoonlik tussen 50 en 100 meter onder die oppervlak.

Ook die primêre waterdraers is maar dun in vergelyking met die deursnee van jong geologiese formasies wat ons elders in die wêreld kry, en hulle vermoë om water te lewer is dus ook maar beperk.

Die volume water wat in kenmerkend Suid-Afrikaanse formasies geborg word, kan geïllustreer word aan die hand van 'n beraming van die grondwatervolume wat op 'n wêreldwye basis in die boonste 800 meter

(Na bl 10)

Die Minister van Waterwese, Bosbou en Omgewingsbewing, dr CV van der Merwe, in gesprek met mnr DC Grobler (links) van die Hidrologiese Navorsingsinstituut, en mnr CF Schutte (regs), senior adviseur van die Waternavorsingskommissie.



Damverslae oorhandig

(Van bl 9)

van die vastelandskors teenwoordig is, dit wil sê as mens die water in dié laag op die oppervlakte sou plaas, sou dit 28 m diep wees. Hierteenoor kan gekyk word na die water in die alluviale afsettings in die Great Valley in Kalifornië (waar geweldige groot hoeveelhede vir besproeiing uitgedomp word) en daar sal die water op die voormelde basis 50 tot 100 meter diep wees. In vergelyking hiermee is die situasie in Suid-Afrika as volg: Die dolomiet, wat een van Suid-Afrika se beste waterdraende formasies is, veral in die oostelike dele van die land, sal in die Verre Wes-Rand 10 m water oplewer; by Atlantis 2,5 tot 5,0 m; in die alluviale afsettings langs riviere 2 m; in stollingsgesteentes soos graniet in Sentraal-Transvaal 0,5 tot 1,0 m; en in die Karoo-sedimente wat ongeveer 50 persent van die land beslaan 0,1 tot 0,5 m.

Dit is ook insiggewend om 'n vergelyking te tref tussen die vermoë van formasies in Suid-Afrika om water deur te laat en dié van ander lande (as maatstaf word die lewering van boorgate gebruik): In Suid-Afrika lewer net ongeveer 2 persent van die boorgate meer as 6 l/s. In Israel, waar kryt/kalksteen oor groot dele van die land voorkom, is die lewering 110 l/s en in die VSA tussen 6 en 200 l/s.

"Alhoewel die totale volume water wat in formasies in die land geberg is heelwat meer beloop as die totale kapasiteit van die land se damme, en alhoewel die aanvulling waarskynlik gelyk is aan die gemiddelde jaarlikse afloop, is die probleem dat die grondwater so yl versprei is dat dit net nie met oppervlaktewater as watervoorsieningsbron kan kompeer nie," het mnr Vegter gesê.

"Ek kan ook nie sien dat die skrale bydrae van grondwater in die afsienbare toekoms radikaal gaan vermeerder nie," het hy gesê, "maar in hierdie verband is daar sekerlik ruimte vir navorsing."

Hy het verder daarop gewys dat grondwater 'n baie belangrike rol in die vroeë stadia van grootskaalse ontwikkeling kan speel, soos in die geval van die Atlantis-dorpsontwikkeling aan die Weskus bewys is. Ontwikke-

ling aldaar was tot dusver op grondwaterbronne aangewese en na raming kan daar 4 tot 5-miljoen m³ water per jaar benut word. Namate so 'n gebied ontwikkel en oppervlaktebronne ingeskakel word, kan grondwater nog vir 'n geruime tyd dien om in die spitsaanvraag te voorsien.

In Saldanha is daar na raming ongeveer 7,5-miljoen m³ grondwater per jaar beskikbaar om as aanvulling in spitsstye te dien.

Mnr Vegter het gesê dat daar in die Kalaharigebied sterk daarop aangedring word dat water vir veesuijing vanaf die Oranjerivier ingevoer moet word. Die Direkoraat het tydens 'n ondersoek vasgestel dat daar langs die Kurumanrivier 'n bron van ongeveer 500 tot 700-miljoen m³ bestaan wat nog vir 'n aansienlike aantal jare in die behoeftes van daardie gebied sal kan voorsien — miskien selfs tien dekades of langer. Alhoewel die bron tans as nie-hernubbaar beskou word, is dit moontlik dat dit tog aangevul word die enkele kere wat die Kurumanrivier wel afkom, dit wil sê een keer in 50 of 100 jaar.

Behoeftes

Met verwysing na navorsingsbehoeftes het mnr Vegter eerstens die nadruk op *metodes en tegnieke* laat val. Ondersoek behoort ingestel te word na die toepassings- en aanpassingsmoontlikhede van metodes en tegnieke wat in die buiteland ontwikkel is, byvoorbeeld sekere geofisiese prospekteringsmetodes, wiskundige simulatie, en die gebruik van isotope.

Daar bestaan ook 'n groot leemte in die kennis van *fisiese en chemiese prosesse* van grondvoglobeweging deur die onversadigde sone. Dit is belangrik om die aanvullingsprosesse te verstaan, om byvoorbeeld te weet of die grondvoglobeweging wat deur middel van isotope waargeneem word, werklik 'n maatstaf vir aanvulling is.

Evapotranspirasieverliese moet ook aandag geniet, asmede *mineralisasie* as gevolg van besproeiing.

Daar bestaan ook 'n behoefte vir navorsing oor die *praktiese ontwikkeling van grondwaterbronne*. Boorgate trek water uit 'n beperkte om-

gewing; as daarin geslaag kan word om sones wat wyer strek in die dieperliggende vaste gesteentes op te spoor, sal water uit 'n baie groter oppervlakte onttrek word en dit sou die benutting van grondwater op groot skaal aansienlik meer ekonomies en uitvoerbaar maak.

Mnr Vegter het ook daarop gewys dat springstofmetodes om waterdraers te breek in die verlede op 'n baie losse grondslag toegepas is — daar is nie werklik wetenskaplik bepaal hoe groot die ladings moet wees en presies waar hulle geplaas moet word nie. Die resultaat was dat die lewering van boorgate in sommige gevalle verminder het.

Ander aspekte wat navorsing verg, is:

- **Die kwantitatiewe bepaling van grondwaterbronne**

Dit het te make met die hidrouliese eienskappe van sekondêre waterdraers. In die buiteland word navorsing hoofsaaklik op primêre waterdraers toegespits en Suid-Afrika kan dus moontlik baanbrekerswerk op die gebied van sekondêre waterdraers doen.

- **Grondwaterbalansstudies**

Daar is 'n hele aantal plekke in die land waar grondwater op groot skaal gebruik word, byvoorbeeld in sekere besproeiingsgebiede en deur munisipaliteite. Grondwaterbalansstudies is in daardie gevalle noodsaaklik om 'n aanduiding te kan verkry van die hoeveelheid water wat in die gebied beskikbaar is en om dié inligting te kan projekteer ten opsigte van die res van die land waar die omstandighede dieselfde is.

- **Wiskundige modelle**

Wiskundige modelle moet ook ontwikkel word vir die voorspelling van die gedrag van waterdraers wat benut moet word.

- **Besoedeling**

Wat waterkwaliteit betref, behoort besoedeling aandag te geniet veral omdat die besoedeling van grondwater van die oog verberg is, en ook omdat skade nie so maklik reggestel kan word as in

Damverslae oorhandig

die geval van oppervlaktebronne nie.

● Dataïnsameling

Navorsing is nodig om die mees doeltreffende wyses vir die insameling en berging van grondwater-data te bepaal.

● Geohidrologiese kartering, verwerking en voorstelling van data

Daar bestaan geen omvattende kaart wat die grondwatersituasie in die verskillende dele van die land uitbeeld nie. Presies hoe die gegewens weergegee sal moet word, is 'n navorsingsveld in eie reg. Verder sal ondersoeke ook nog gedoen moet word om die beskikbare gegewens aan te vul.

● Bestuursaspekte

Die uitvoerbaarheid van kunsmatige aanvulling en die nuwe-effekte daarvan sal nagevors moet word, byvoorbeeld in die Karoo waar dit nie prakties moontlik is om groot opdamnings te maak nie vanweë die wisselvalligheid van die afloop en hoë verdampingsverliese.

● Benutting van alluviale waterstelsels

As voorbeeld van so 'n stelsel kan die Krokodilrivier onderkant Beestekraal (tot by Thabazimbi) geneem word waar tans reeds ongeveer 80-miljoen m³ water uit boorgate in die alluviale afsettings langs die rivier gepomp word — dit verteenwoordig 'n aansienlike persentasie (van 40 tot 50 persent) van die totale hoeveelheid water wat uit beide oppervlakte- en grondwaterbronne aldaar verbruik word. Navorsing sal dus oor die bedryf van so 'n opgarings- en onttrekkingstelsel gedoen moet word.

Mnr E Braune van die Direkoraat van Waterwese het oor die invloed van grondbenutting op afloop gepraat. Hy het daarop gewys dat die wyse waarop grond benut word een van die onsekerhede is wanneer die beskikbaarheid van water beraam moet word. Veral

drie soorte grondbenutting is van kardinale belang, het mnr Braune gesê, naamlik akkerbou (wat 'n redelik groot persentasie van die land dek), bosbou ('n redelik klein persentasie), en natuurlike veld (wat oor die grootste deel van die land strek).

Met verwysing na akkerbou het hy gesê dat die meeste ploegbare grond van die binnelandse platogebied (die gebied waar produksie die hoogste is) reeds bewerk word en dat uitbreiding aldaar dus nie op so 'n skaal sal plaasvind dat dit 'n betekenisvolle effek op waterbronne sal hê nie.

Swak

Hierteenoor moet in gedagte gehou word dat afloopbeheerbeplanning wat vir groot gebiede reeds gedoen is, tot dusver swak geïmplementeer is (in slegs sowat 5 persent van die beplande gebied). Namate hierdie beplanning deur die boere in die praktyk toegepas word, sal dit toenemend 'n uitwerking op die afloop hê — die doelstelling vir die boer is immers om die beskikbare water op sy plaas te benut eerder as om dit na die riviere te sien afloop.

Op die binnelandse plato is daar tans ook eksperimente aan die gang om meer doeltreffende vogbenutting te probeer verkry, byvoorbeeld deur 'n ander tipe gewas te verbou wat vog meer effektief as die konvensionele gewasse benut. Dit kan ook 'n vermindering veroorsaak in die volume water wat as afloop in die riviere beland.

Ten opsigte van Natal het mnr Braune daarop gewys dat die akkerbou, en dan veral mielieverbouing, steeds aan die toeneem is; veral in die Swart gebiede kan dit in die toekoms meer intensief toegepas word wat weer eens 'n effek op die beskikbare water kan hê.

Teen hierdie agtergrond gesien is dit nodig dat meer inligting oor die hidrologiese effek van akkerbou ingewin moet word. Daar is reeds 'n aantal studies vanuit 'n landbou-oogpunt gedoen, maar geen opvanggebiedstudies vanuit 'n hidrologiese oogpunt nie.

“Die landbouer kyk beslis met ander oë na reënvalafloop as die hi-

droloog en waterbepianner,” het hy gesê. “As die landbouer van effektiewe reënval praat, bedoel hy reënval wat deur die plant benut word. Die hidroloog, daarenteen, bedoel daarmee oppervlakaflowp wat in riviere kan beland.”

'n Ontleding van historiese rivier-vloeddata toon tot dusver geen betekenisvolle tendense in afloop in gebiede waar akkerbou intensief toegepas word nie — selfs nie waar tot 70 persent van die area bewerk is (soos in die Hoëveldstreek) en waar afloop veral na die Vaalrivier geskied nie. Geen data is egter beskikbaar vir gebiede met groter hellings en hoër reënval soos Natal en Wes-Kaap nie. Mnr Braune het gesê dat veral dit 'n verontrustende situasie skep aangesien akkerbou aspekte soos evaporatranspirasie, infiltrasie, oppervlakterughouding, onderskepping, en-sovoorts kan beïnvloed.

Een van die belangrikste navorsingsbehoefte, aldus mnr Braune, is om die inligting wat reeds beskikbaar is vanuit 'n hidrologiese oogpunt te herevalueer en daaruit nuwe projekte te beplan wat waterverbruikstudies sal behels, asook doelgerigte prosesstudies van sekere fases van die waterbalans in die bestaande eksperimentele opvanggebiede by Grahamstad, Cedara, Bethlehem en in Zoeloeland. Hierdie studies sal beslis ook gebiede moet omvat wat vir die landbou belangrik is en waar nuwe neigings verwag word.

Inligting wat deur middel van hierdie navorsing verkry is, moet dan in modelle geïnkorporeer word — modelle wat redelik eenvoudig is om te hanteer en wat realistiese antwoorde verskaf ten einde die waterbeplanner se probleme te help oplos. Die modelle moet ook getoets word aan inligting wat reeds oor groot opvanggebiede versamel is.

Mnr Braune het ook gesê dat grondbenuttingstendense baie meer doelgerig gekwantifiseer moet word. Hy beskou dit as 'n groot tekortkoming dat historiese gegewens oor grondbenutting, veral op 'n opvanggebiedsbasis, nie beskikbaar is nie. LANDSAT bied groot moontlikhede om dié data te bekom, maar navorsing sal nodig wees om die vermoë

(Na bl 12)

Damverslae oorhandig

(Van bl 11)

van dié satelliet doeltreffend te kan benut.

